Johannes Erasmus Smit
Vorderingsverslag 81
Mei 2018

Ps 40:6: "Here my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie. Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat, maar dit is te veel om op te noem."

Hierdie teksvers laat my dink aan Johannes se ingesteldheid teenoor die/sy lewe. Een oggend maak ek hom wakker en vra: "Hoe gaan dit vanoggend?' Vinnig kom sy antwoord: "Ek het GEEN klagtes nie."

Die studente op Stellenbosch is eers klaar met hulle oefenry saam met Johannes. Hulle skryf nou eksamen en dan lê die lang vakansie voor. Baie dankie vir hulle positiewe bydrae tot Johannes se gesond word. Ons wens hulle 'n heerlike rustyd toe.

Met dié wat ons meer tyd op hande gehad het, het ek en Johannes pragtige Moedersdagkaartjies gemaak wat hy teen R5 elk verkoop het. Dit vul sy sakgeld aan. Dankie aan almal wat gekoop het.

Dit gaan goed met Johannes se Duitse klasse. Helga het baie geduld en verduidelik oor en oor. Ek sit by, want ek wil graag my Duits ook verbeter. Helga dink wondelike motiveringstegnieke uit om vir Johannes gefokus te hou. Johannes geniet ook Kobie se kitaarspelery. Hulle sing heerlik saam en luister na nuwe kunstenaars. Baie dankie aan almal wat die lewe vir hom sonder klagtes maak.

'n Jarelange vriend, Pieter de Villiers het sy ondervinding van Johannes se ongeluk in ons plaaslike koerant vasgepen. Ek sluit sy skrywe in vir almal om te lees en te waardeer. Dankie, Pieter.

Snaakse sêgoed deur Johannes uitgedink:

- Kan 'n valk ook 'n vuil uil wees?
- As 'n trein wegry, word sy kompartement dan 'n GAAN-partement?
- Kan 'n mens 'n debat (bad) by die parlement voer as ons 'n waterbeperking het?
- Trina, Johannes se Afrikaanse juffrou vra vir hom wat 'n okkasie is. Hy antwoord: "Dis 'n gekekkel van vrouens."
- Kan jy opleiding kry terwyl jy lê?

Gebedsversoeke:

- Dankie sê vir die deurdringende reën wat geval het
- Johannes kry weer die laaste tyd gereeld hoofpyn. Bid saam met ons dat dit sal verdwyn.
- Vir volgehoue optimisme, deursettingsvermoë en vriendelikheid by Johannes
- Vir krag en sterkte en geduld vir elke Versorger en helper **"People with great passion can make the impossible happen."** Skrywer onbekend

"Optimism is the faith that leads to achievement. Nothing can be done without hope and confidence." Helen Keller. Tot volgende maand. Mag jy GEEN klagtes hê nie. Anelé

'Jo'man, jy's 'n ware champ!'

Uit Pieter se Pen

Pieter de Villiers

'n Seuntjie van ag jaar oud herinner sy ma hy moet gaan stokke "in die bos" optel. Die rede vir die stokke optel, is hy maak kruise daarvan en verkoop dit in Paastyd. Sy hele inkomste skenk hy aan die kerk.

Hierdie dag eindig egter anders as ander dae. Op pad na die motor met sy laaste vraggie stokke word hy deur 'n kar omgery.

Die kind eindig in die intensiewesorg-eenheid van die hospitaal en sy ouers word ingelig sy kanse om oorlewing is uiters gering. Ernstige beserings aan 'n klein, tenger lyfie herstel moeilik en die liggaampie is bros en die bene nog sag. Die moontlikheid van orgaanskenking word aan hulle voorgehou. Hulle besluit om eers daaroor te dink en te bid.

'n Uur later is daar vele gebedsgroepies besig om vir die kind se oorlewing te bid. Die prognose verander egter nie en 'n lang nag lê voor. Die volgende oggend is hy steeds met ons en veg hy voort.

Hy is egter in so 'n swak toestand dat hy oorgeplaas word na 'n spesialiseenheid waar hy intensief behandel kan word. Drie dae gaan verby en steeds veg hy voort – prognose of nie.

My beterhelfte bied aan om een nag saam met hom deur te bring sodat ander kan rus. Ek gaan koop vir haar 'n hamburger en tydskrif en lewer dit by die hospitaal af. Op die oog af 'n niksseggende en bloot outomatiese reaksie op iemand se behoefte – toe nou nie. Daardie aand verander my uitkyk op die lewe.

Ek verwag 'n beseerde seun in 'n bed met 'n paar pypies hier en daar. Ek stap my egter vas in 'n bondeltjie bene op 'n bed met baie pypies. 'n Hulpelose stukkie mens in 'n baie stukkende lyfie. Ek weet nie hoe lank ek daar staan nie. Wat ek wel weet, is dit lyk net nie reg nie, dit voel net nie reg nie en is net nie reg nie.

My aankope vind hulle pad na 'n tafeltjie en ek draai om en loop vinnig uit na buite – sonder om 'n enkele woord te sê. Buite in die gang huil ek skaamteloos soos 'n klein seuntjie. Net so klein en nietig soos die enetjie wat daarbinne lê. Dit kan tog nie hy wees nie?

Vandag, byna 10 jaar later, is ek en hy vriende. Nee, ek jok; ons is pelle. Pelle is mense wat jou lewe op een of ander manier uitsonderlik verryk. Dit is 'n uiters skaars kommoditeit in vandag se lewe, maar dit is my beskore. Wat dit nog meer merkwaardig maak, is dat ek meer as 40 jaar sy senior is. Nie dat dit hom keer om my nou en dan aan te praat nie!

Ek het egter nie net by hóm dure lewenslesse oor vasbyt, geloof, uithou en aanhou geleer nie, maar ook by sy ouers, broer, familie, vrywilligers en omgeemense in die gemeenskap. Met liefde en sorg kom jy ver. O ja, baie genade ook.

Jou brein kan steeds vlymskerp wees om by jou ewe skerp humorsin te pas en jy kan in jou portuurgroep 'n sinvolle bydrae maak en hulle lewenservaring verryk. Jou ouderdom en omstandighede is irrelevant. En dit maak nie saak of jy in 'n rolstoel sit en die gebruik van jou oë verloor het nie, jy kan steeds 'n reuseverskil maak. Selfs aan 'n ou man met vooropgestelde idees en menings.

Dankie Jo'man! Jy is 'n *champ!*